Speletjie dui op 'ernstige probleem'

Karin Burger
KAAPSTAD. – Dat laerskoolkinders weet wat verkragting is en hoe dit gedoen word, is tragies.
Dit was gister die reaksie van die Wes-Kaapse minister van onderwys nadat sy oor 'n nuwe "verkragting-speletjie" ingelig is.
Dit word blykbaar op skoolterreine in Mitchells Plain deur kinders so jonk as tien gespeel.
Debbie Schäfer het gesê as kinders sulke "speletjies" speel, dui dit op 'n ernstige probleem in die gemeenskap.
Sy het gesê dis net so kommerwekkend dat sy vir die eerste keer van die beweerde speletjie in 'n koerant moes lees waar 'n anonieme ingeligte aangehaal word.
"Ek het met ons distrikskantoor in Mitchells Plain gepraat. Ek kan bevestig dat die Wes-Kaapse departement van onderwys geen klagtes oor die speletjie ontvang het nie, nóg van enige skole nóg van die publiek."
Prof. Elda de Waal, onderwyskundige aan die Noordwes-Universiteit, het gesê dis beslis geen speletjie nie, maak nie saak hoe dit benader word nie.
"Dit is ontstellend en moet dadelik in die kiem gesmoor word.
"Party mense sou kon redeneer dis 'n manier hoe kinders dit (verkragting) verwerk, maar ek verwerp dit onmiddellik."
Sy het gesê die feit dat seuntjies weet hoe om 'n verkragting na te boots en mense lag dan daaroor, is verskriklik. "Ek het aan die bewe gegaan toe ek dit hoor."
De Waal het gesê die speletjie maak haar baie senuweeagtig, want dit kan die begin wees van nog leliker goed wat die kinders kan verwoord.
Sy het voorgestel daar moet tyd in die kurrikulum ingeruim word sodat kinders die geleentheid kry om te kan praat oor wat hulle dink en voel.
Dr. Joy Papier, onderwyskenner verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland, het gesê sy word met afgryse vervul as sy net daaraan dink dat kinders so 'n speletjie kan speel.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."